# Die Lewende Kerk



# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 4 September 2016*

## Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur Gerrit Coetzee van There4Ministries

## Omgee:

- Martie Ackerman is met kanker gediagnoseer en het begin met chemo behandeling.
- Chatye Rensburg begin ook 30 September met chemo behandeling.
- Hendrik Fritz is in die hoësorg afdeling van Garden City.
- Susan le Roux gaan Donderdag 8 September vir 'n borsoperasie.
- Jacques Moolman se pa is met 'n gewas op die brein gediagnoseer en is Maandag geöpereer.

## Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

## Afkondigings:☼

- **Aanderediens** vandag om 17:30.

- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.
- **Kursusse en seminare** vir hierdie kwartaal: **10 September Arise by Bergbron**, 16-18 Sept Oorwinnaars Nelspruit; 23-25 Sept Oorwinnaars Reitz.
- **Die Gesinne-selgroep** begin vandag na die erediens met 'n kursus wat handel oor jou skeppingsdoel van Bruce Wilkinson ("You were born for this"). Enigiemand is welkom om dit by te woon. Kry verdere besonderhede by ds Stephan.
- Ter approbasie word aan die gemeente voorgehou **Herman Coetzee as ouderling en Elize Fortune as diaken**.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** skink Groep 6: Diakens. Volgende Sondag is dit Groep 1 se beurt: Susan Botha, Mariëtte, Annette en Maureen.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

# Koster

Die pos van Koster vir ons gemeente is vakant. Die kerkraad nooi persone uit om hulself beskikbaar te stel vir die pos, wat as 'n deeltydse werk vergoed sal word. Meer besonderhede is beskikbaar op aanvraag by die kerkkantoor.

# Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07/09 | GERT PRINSLOO | 078 201 2645 | 011 837 2565 |
| 08/09 | KIARA VAN DER MERWE | 072 075 7617 | |
| 09/09 | CAREL CORNELISSEN | 083 717 0003 | |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

# Gebed: Bid vir ons skole

Kom ons bid hierdie week vir ons skole in ons omgewing.
Neem tyd om hierdie week minstens een keer saam met jou vrou en kinders vir skole te bid.

**Onrus in die Pretoria Girls High School**
Die onlangse insident in Pretoria Girls High kan maklik tot nasionale onrus en anargie in skole lei.

**Ons kan so bid:**

1. Die gebrek aan dissipline is maar een van die groot probleme wat aangespreek moet word. Bid vir die verbreking van elke vorm van anargie, opstandigheid teen dissipline en wetteloosheid.
2. 'n Tweede probleem word veroorsaak deur rasse- en kulturele verskille. Bid vir kinders, ouers en onderwysers om in 'n baie komplekse samelewing nuwe riglyne uit te werk vir harmonie in skole.

3. Derdens is daar 'n definitiewe rassistiese element. Daar kom by ALLE etniese groepe vorme van rassisme voor. Bid dat mense mekaar se kulture en gewoontes sal respekteer en mekaar menswaardig sal behandel.
4. Vierdens is dit so dat bykans alle politieke partye hierdie onrus in Pretoria Girls High School sal probeer uitbuit vir eie gewin - veral die ver-linkse en ver-regse groepe. Bid vir die verbreking van enige negatiewe invloed en inmenging van politieke partye.
5. Bid dat die media nie hierdie insident sal 'lewendig hou' en uitbuit vir eie gewin nie.
6. Bid vir Christen onderwysers en kinders om 'n getuienis van versoening, vergifnis en liefde radikaal uit te leef.

*Copyright © 2015 Jericho Walls International Prayer Network, All rights reserved.*

# Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:**www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

PastorGordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede**: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705 **kantoor@bergbron.org.za**

**Diakens**: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 071 492 7395; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

# Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

# Ander Nuus

- **Heinz Winckler** tree op by FEBA Radio se Verjaardagkonsert.
  Datum: Vrydag 9 September 19:00.
  Adres: Kerk Sonder Mure, Centurion
  Koste: R 70-00 pp – kaartjies by Computicket

- **Oud-Pukke** Kuier in Johannesburg: die Puk se kampusrektor nooi oud-Pukke en ouers van voornemende studente uit na 'n gesellige saamtrek op Dinsdag, 20 Sep 2016, 18:30 vir 19:00 Plek: The Butlers Caterers, Blue Valley Estate,

Rooihuiskraalweg. Drag: Netjies, informeel. Koste: GRATIS vir eerste 50 mense wat bevestig, R100 p.p daarna. Ete en 'n bottel wyn per tafel word voorsien. Metgeselle welkom. Slegs 150 plekke beskikbaar. Abigail.leshope@nwu.ac.za / 018 299 2770

# Arise 2016

## Jy is uitgenooi !

Na ons jaarlikse **ARISE** geleentheid

Datum: 10 Sept. 2016 Tyd: 9:00-11:00

Tema: Kom loof die Here!

Plek: Bergbron Gemeente.. H/v Schoongesicht & Drakensbergstr. Bergbron

Wat moet jy saambring? 'n Banier wat wys hoe groot en goed God is. Jy kan daarop teken of skryf, dis joune!

Kies 'n land wat jy wil verteenwoordig en trek aan soos wat hulle tradisionele drag is. (Moenie klere koop nie, maak iets van lap/papier. Jy is mos oulik! Kies uit: China, Indië, Ethiopië of Saudi Arabië.

**SIEN JOU DAAR! DIT GAAN LEKKER WEES.**

Laat weet asb. of jy kom, voor 6 Sept. 083 537 9770 of 011 477 4971

Ns. As enige van julle kans sien om Susan en Gerhard Botha te help met die bak van 12 muffins vir die geleentheid, kan jy hulle skakel by 083 537 9770 of 011 477 4971.